OMSENDBRIEF NR 8

# Die Tradisionele Boeremusiekklub

POSBUS 529
LADANNA 0704
TEL (01521) 74724

22 MAART 86

GEAGTE LID,

ALGEMENE JAARVERGADERING: 14h00 (2nm) 26 APRIL 1986.

U en u gesin word hartlik uitgenooi na ons Algemene Jaarvergadering wat D.V. by die S.A.P. Pretoria-Noord se Ontspanningsterrein gehou word.

AGENDA
1. Voorsitter lewer sy jaarverslag.
2. Sekretaris lewer sy jaarverslag.
3. Penningmeester lewer sy verslag en lê finansiële state voor.
4. Ander komiteelede lewer verslag insake hulle projekte en take.
5. Algemeen.
6. Verkiesing van 'n nuwe komitee. Sal u asb die volgende in gedagte hou vóór u iemand voorstel: Is hy/sy lid van die Klub? (Dit het al tweemaal gebeur dat iemand op die komitee gedien het wat nooit eers 'n lid was en sy ledegeld betaal het nie. Ons wil graag herhaling van só 'n ongerymdheid voorkom). Betaal hy/sy haar ledegeld gereeld? Daar is gevalle van lede wat al tot drie jaar agterstallig is met hulle ledegeld! Wat het hy/sy al vir die Klub gedoen? Wat beoog hy/sy vir die Klub in die toekoms? Hoe lank is hy/sy al lid? Hoeveel lede het hy/sy al vir die Klub gewerf? Hoeveel plate het hy al gekoop en verkoop? (Ek weet van sogenaamde lede wat nie eers EEN plaat van die Klub in hulle besit het nie!) Kan hy/sy gereeld vergaderings bywoon? Is hy/sy van onbesproke karakter? Hoe skakel hy/sy met ander persone, tersiêre inrigtings, skole, ander media soos die S.A.U.K. ens. en wat is sy/haar selfbeeld, mensekennis en -verhoudings ens? Het hy/sy die nodige wilskrag, deursettingsvermoë en begrip vir die beoogde amp? Vriende, ons kan hierdie lys nog langer maak maar ons wil dit maar net baie duidelik stel dat ons 'n TROTSE KLUB is en dat daar nie plek vir saampraters, rugryers, meelopers, jabroers, draadsitters en kwaadpraters is nie. Daar kom noodwendig baie meningsverskille maar dit kan tog uit die weg geruim word as daar soos volwassenes geredeneer word. ONS BEOOG TOG NET DIE BESTE VIR ONSSELF.

Ons het nou pragtige sakwapens beskikbaar teen R45 elk, lapelwapens teen R15 en dasse teen R25 elk. U sal kleurbaadjies daar kan aanpas en u bestelling direk by die handelaar kan plaas.

Die nuutste plaat van die Lydenburgers is ook nou beskikbaar. U kan dit by T.B.K., posbus 13976, Sinoville 0129 bestel.

Ons gaan ook later die middag so 'n ietsie braai. Pap en sous sal gratis wees en die vleis sal teen 'n minimale bedraggie te koop wees. Lede wat stoporders van 'n sekere bedrag onderteken het sal vleis gratis kry. Bring asb u eie borde en eetegerei saam asook drinkgoedjies en glase. Moenie die truie vergeet nie want dit word dalk koud.
Skakel asb mevrou Ellis na 17H30 (5.30nm) om ons in kennis te stel hoeveel mense kom sodat daar genoeg vleis kan wees. U vriende is ook welkom. Haar foonnommer is (012) 77-3012.
Ons gaan daarna speel en makietie hou. Al die spelers moet hulle name aan die verhoogbestuurder gee sodat almal 'n kans kan kry om te speel.
Onthou Nie-Lede sal nie kan optree nie want in die verlede het van hulle al oorgeneem en ons lede (baie kom van ver) het nie eers 'n kans gehad nie. Dit sal nie weer toegelaat word nie. 'n Klub is 'n Klub, of hoe seg ek?
LEDEGELD : BETAAL ASB SOMMER BY DIE BYEENKOMS!!!!!!!!

Padkaart is op keersy

Baie groete - sien julle almal daar
(Piet Bester) Sekretaris T.B.K.


RONDAWEL.
BOME.
KIPMUUR
HUISE.
SUIDAFRIKAANSE ONTSPANNINGSKLUB BORD
OU ROSSLYN PAD.
GROENTE WINKEL.
GERRIT MARITZ SKOOL
4 KM
PAD VANAF PTH-NOORD.
ROBOT.
PAD VANAF BRITS.
ROBOT.
NH ROSSLYN.
WES STR.
BURGERSTR.
ROBOT
BEN VIJOEN.
ROBOT.
RACHEF STR.
SAN VAN RIEBEECK.
ROBOT.
GERRIT MARITZ STR.
TREIN SPOOR.
ONDERSTE POORT PAD.
PAD VANAF ONDERSTEPOORT EN WARMBAD.
PAUL KRUGER STR. VANAF STAD.
POORT
WARMBAD PAD.